Desember 2015

Die Rietfluit

# RIETFLUIT KERSUITGAWE

**Liewe lidmaat**
**Mag u gedurende vanjaar se Adventstyd iets van die Here se vrede, vreugde, blydskap en genade ervaar. Mag u weer opnuut bewus raak van waaroor die Kersgebeure wat ons vier, werklik gaan, en mag u die geleentheid kry om dit ook vir ander in u familie- en vriendekring uit te wys.**
**Geseënde Christusfees vir u!** ***Die Leraarsgesinne***

## Vier Kersfees!



Die dae het verbygesnel –
die somer, winter, beurt vir beurt
die koue op die hitte vel,
en weer die somerdrag, gekleurd.

So pas het ons die Kers gevier,
geskenke, wense oorgedra,
of loer die feestyd al weer hier
en kom die Kerstyd aangeja.

Dis byna hier, die wonder dag,
en dink ons ooit vanwaar dit kom,
die fees wat ons elk jaar verwag?
Of het ons dit al klaar verkrom?

Gedenk ons nog God's mensword daad
en al wat daarby het gebeur
of het ons lank reeds dit versmaad
vir ons plesier – dis te betreur!

**Want Hy die Heer het neergedaal**
**om hier as offer te kom sterf,**
**ons las te dra, ons skuld betaal –**
**vir ons die hemel te verwerf!**

(Geskryf deur Joffie Janse van Rensburg op 13 November 1979; http://www.gedigtebundel.co.za/)

# KERSFEES BOODSKAP

**Johannes 3:16 "*God het die wêreld so liefgehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het, sodat díe wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.*"**

Sy het bekend gestaan as die skip van drome. Sy was 890 voet lank. Die anker het vyftien en half ton geweeg en is deur twintig perde van die fabriek af tot by die skip getrek.

Sy is ook genoem: Die onsinkbare skip en in 'n koerant van 1912 word berig dat selfs God haar nie kan sink nie. Maar op Sondagaand 12 April 1912 sink die Titanic binne twee ure en neem 1500 lewens saam na haar watergraf.

Tydens hierdie twee ure het interessante verhale afgespeel. Daar was te min reddingsbote. Die rykes het gesorg dat hulle eerste plek kry. Later het die Kaptein afgekondig dat net vrouens met babatjies plek op die reddingsbote mag kry.

'n Man met 'n babatjie het verby 'n vrou gehardloop wat nie 'n kind gehad nie. Vir haar was die afkondiging 'n doodsvonnis. Skielik het haar situasie verander toe die man sy kind in haar arms sit en sê: Dit is joune…hardloop vir jou plek op die reddingsboot!

Ons is almal daarvan bewus dat ons lewensvaart iewers soos die Titanic gaan sink. Ons is ook bewus daarvan dat nie almal in hierdie lewe die reddingsboot van Jesus gaan haal nie. **Met Kersfees kom sit God opnuut weer sy kind in jou arms en sê: Dit is joune… hardloop na my reddingsboot.**

Moenie wag tot dit te laat is nie. Wanneer 'n skip sink, word lug uitgeblaas en water ingesuig. Wag jy tot dit te laat is, word jy saam ingesuig al spring jy. Die meeste mense wat hulle lewe in die Titanic ramp verloor het, het nie verdrink nie maar verkluim. Wie wil in koue water ronddobber as Jesus reeds vir jou 'n plek op sy onsinkbare reddingsboot voorberei het? **Neem jou plek op God se reddingsboot in!**

**Stuur ook die geskenk aan**: Miskien is daar iemand waaroor jy baie bekommerd is of wonder waar hulle welvaart hulle aan die einde van nog 'n jaar gebring het? Miskien sukkel jy ook soos ek om geskenke te koop en wonder wat jy vir die of daardie een sal koop hierdie jaar. **Stuur hierdie Kersfees-reddingsverhaal aan as 'n geskenk. Sit Jesus in die arms van mense wat oop oë besig is om te sink. Dit is na alles tog waaroor Kersfees gaan.**

(https://gedagtes.wordpress.com/2007/11/20/mooiste-kersboodskap/)

## U WORD UITGENOOI:



- <u>29 Nov</u>: Nagmaaldiens @ 9:00
-                 & Kerssangdiens @ 18:00
- <u>16 Des</u>: Gelofte-/Versoeningsdiens @ 8:00
- <u>25 Des</u>: Kersdiens @ 8:00
- <u>31 Des</u>: Oujaarsdiens@ 18:00